Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Sarel Kruger

Christiana

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Sarel
Tel: 083 274 4732 E-pos: sarel@laeveld.co.za

Sarel Kruger het in 1974 by die Hoërskool Ventersdorp gematrikuleer en na twee jaar diensplig, by die Infanterieskool in Oudtshoorn, sy studies aan die Landboukollege Potchefstroom voltooi. Hy sluit in 1979 aan by die familieboerdery.

Sarel het in 1984 tot die landbouchemiese bedryf toegetree deur by Panorama Chemikalieë as verteenwoordiger in die Ventersdorp / Carletonville area aan te sluit.

Na die samesmelting van Zeneca en Novartis in 2000 het Sarel die voorreg gehad om by Syngenta, as streeksbestuurder vir die westelike area, aan te sluit. Hier het hy goeie ondervinding in plaagbeheer van 'n wye reeks gewasse opgedoen. Die prakties ondervinding in finansiële bestuur, personeelbestuur, voorraadbestuur en begrotings was vir hom verder in sy loopbaan baie waardevol.

In 2005 het Sarel by Novon WTP as besturende direkteur aangesluit. Hy het tot in 2011, met die stigting van die Yield Agrochemiese groep, die maatskappy gelei. Daarna het hy na die Wes Vrystaat verhuis en 'n pos as Landbouchemiese konsultant in die Christiana area, aanvaar.

Sarel het in November 2017 'n tuiste by Laeveld Agrochem gevind en bevind homself nou in die posisie waar hy nie net die mees omvattende reeks landbouchemikalieë tot sy beskikking het nie, maar ook die tegniese ondersteuning van 'n professionele maatskappy soos Laeveld Agrochem.

Oor naweke spandeer hy graag tyd tussen sy beeste op die familieplaas in die Ventersdorp distrik.
Hy bring ook graag tyd met sy kinders en kleinkinders deur.

Sarel word geïnspireer deur die uitdaging om 'n bydra tot beter opbrengste en kwaliteit gewasse vir sy kliënte te lewer.